NED. GEREF. GEMEENTE REEBOK
SONDAG, 5 DESEMBER 2021

Hou die aankondigings naby u Bybel
~ dit is ons gebedsgids

VANDAG SE PROGRAM
Tweede Sondag in Advent – Sondag van Liefde

Baie welkom aan André en Annamarie Thiart wat kortliks terugvoering oor hulle werk in Mosambiek gaan gee.

09:30 Erediens: Dr Kobus van Zyl
Skriflesing: Titus 3:1-8
Spesiale Deuroffer: Ontwikkelingsfonds

- Die **Samuel-gebedsgroep** bid elke Sondag vanaf 08:50 in die moederskamer om die Here se seën op die erediens.
- Baie welkom, **alle nuwe intrekkers**! Skryf asseblief julle besonderhede op die **aanmeldingsbladsy** vir nuwe intrekkers neer. Dit is op die tafel in die voorportaal.

VOLGENDE SONDAG, 12 DESEMBER 2021
Derde Sondag in Advent – Sondag van Vreugde

REEBOK KERKGEBOU
09:00 Erediens: Ds. Chris de Wet (Belydenisaflegging)
Spesiale Deuroffer: Ontwikkelingsfonds
STROOIDAKKERK KLEIN-BRAKRIVIER
09:00 Erediens: Prop Cecil van der Merwe en Stranddiensspan
Spesiale Deuroffer: Strooidakkerk-Instandhoudingsfonds

OMGEE VIR MEKAAR....

- **Nelie van der Linde**, van Tergniet (T7), wat behandeling ontvang.
- **Mike Scriven**, van Reebok (R3), wat tuis erg verswak is.
- **Linda Marcus**, van Reebok (R16), sterk in die George Medi-Clinic aan nadat sy weer geopereer moes word.
- **Ella Crous,** van Reebok (R19), is tuis ernstig siek en ontvang behandeling.
- **Jannie Vorster**, van Reebok (R12), wat tuis ernstig siek is.
- **Barbara Sieberhagen,** van Tergniet (T3), sterk aan na ‘n mond en kaak operasie in die Kaap.

† *Innige meegevoel aan **Elize van der Merwe**, van Fraai-Uitsig (F10), se moeder is Maandag in Bloemfontein oorlede.*

VERJAARSDAGWENSE...

Baie geluk aan almal wat vandag en in die komende week verjaar!
Spesiale verjaardagwense aan.....
***Bertha Olivier**, van Fraai-Uitsig (F7), wat op 7 Desember haar **80ste** verjaardag vier,*
***Elouise du Pisani**, van Fraai-Uitsig (F6), wat op 8 Desember haar **80ste** verjaardag vier,*
***Clive Weldon**, van Reebok (R17), wat op 9 Desember sy **82ste** verjaardag vier,*
***Skat Pieterse**, van Fraai-Uitsig (F12), wat op 10 Desember haar **86ste** verjaardag vier en*
***Freek Kapp**, van Fraai-Uitsig (F13), wat op 12 Desember sy **80ste** verjaardag vier.*

ALGEMENE INLIGTING

HARTENBOS VERSORGINGSOORD – DIENSSENTRUM

Die Hartenbos Versorgingsoord hou hulle jaarlikse basaar DV op **18 Desember 2021** by die NG Kerk Hartenbos. *Reebok Gemeente is verantwoordelik vir die gebak tafel. Hiermee vra ons asseblief of daar nie dames is wat hulle weg oopsien om enige vorm van gebak te voorsien vir die geleentheid nie.* Op die tafel in die voorportaal is ‘n **GROEN lys** waarop u, u kontakbesonderhede kan neerskryf indien u sou belangstel om te help. Kom ons help ook die Versorgingsoord met ‘n bydrae.

SUID-SOEDAN PADKAFEE DV VRYDAG, 17 DESEMBER 2021

- Koekies is beskikbaar by Frieda Nezar, Gleniqua Eiendomme. Koekies word in 500gr pakkies verpak teen R60/500gr. Baie dankie aan almal vir die skenkings van bestanddele.
- Dan benodig ons dames wat kan kom help met die poedings! Kontak *vir Hannelien Swart by 082 927 8845 of Lettie Freund by 076 380 0480* om aan te meld. ***Dan benodig hulle ook Ultramel Vla.***

NUWE JAARPROGRAMME EN VAKANSIEPROGRAMME

Ons wyksleiers sal in die komende weke die nuwe jaarprogramme vir 2022, asook ons vakansieprogram vir die seisoen, in ons wyke uitdeel.